Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Moya Combrink**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 20/3/6/1/Kennisgewing van rooster aan skole
Verwysing: 20240319-2629

Omsendbrief: 0010/2024
Vervaldatum: 21 Junie 2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Die rooster en reëlings vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en die Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens in Mei/Junie 2024.*

**Onderwerp: Die rooster en reëlings vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en die Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens in Mei/Junie 2024**

1. 'n Afskrif van die **finale rooster** vir die NSS- en SS-eksamens in Mei/Junie 2024 is hierby aangeheg.

2. Die NSS- en SS-eksamens in Mei/Junie 2024 sal op Maandag, 29 April 2024 begin en op Donderdag, 13 Junie 2024 ten einde loop.

3. Soos genoem in die aankondiging deur die President oor die algemeen verkiesing wat vir Woensdag, 29 Mei 2024 geskeduleer is, sal geen eksamen op die dag voor of na die verkiesing plaasvind nie. Hierdie sal kandidate die geleentheid gee om na hul tuisdorpe te reis om te stem, en ook skole te akkommodeer wat as stemstasies tydens die verkiesing gebruik sal word.

4. Die NSS- en die SS-kandidate sal dieselfde eksamen skryf, en die kurrikulum en uitleg van vraestelle is identies aan dié van November 2023 se NSS-eksamen. Alle vakke wat in November 2023 se NSS-eksamen aangebied is, sal in die eksamen van Mei/Junie 2024 aangebied word. SS-kandidate mag egter slegs die vakke skryf wat in ***drukskrif en skuinsdruk*** gemerk is.

5. Twee eksamensessies is vir elke dag geskeduleer. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die namiddagsessie om 14:00.

6. Die geleentheid om Rekenaartoepassingstegnologie en Inligtingstegnologie oor te skryf, sal op Donderdag, 13 Junie 2024 om 09:00 plaasvind.

7. Wat die toelating van kandidate tot die eksamenlokaal betref, moet opsieners seker maak dat elke kandidaat sy/haar toelatingsbrief **en** identiteitsdokument toon. Die toelatingsvereistes moet streng toegepas word. Opsieners moet ook verifieer dat die kandidaat vir die vak/vraestel wat afgeneem word, geregistreer is.

8. 'n Kandidaat wat egter nie die vereiste dokument(e) kan toon voordat hy/sy die eksamenlokaal binnegaan nie, moet **nie** verhoed word om daardie spesifieke eksamen te skryf **nie**. **Die betrokke kandidaat moet die volgende dag die vereiste dokument(e) toon.** Sou die kandidaat versuim om dit te doen, moet 'n onreëlmatigheid verklaar word en moet die normale prosedure rakende onreëlmatighede gevolg word.

9. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal 30 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie binnegaan. Die tyd moet soos volg benut word:

9.1 Die eerste 20 minute van <u>elke sessie</u> moet gebruik word om die kandidate in hul korrekte sitplekke te laat sit, die vraestelle en antwoordboeke uit te deel en die <u>eksamenregulasies voor te lees</u>.

9.2 Opsieners moet seker maak dat die 30 kandidate waarvoor hulle tydens die afneem van die eksamensessie verantwoordelik is, nie 'n elektroniese toestel (soos 'n selfoon) of enige ander ongemagtigde materiaal in hul besit het nie. Daar word aanbeveel dat die hoofopsieners die kandidate versoek om hul sakke en die omslae waarin hul toelatingsbrief mag wees, te deursoek.

9.3 Tydens die oorblywende tien minute, **moet** kandidate die geleentheid kry om deur die vraestel te **lees**. Opsieners moet kontroleer dat die vak en vraestel wat aan 'n kandidaat uitgedeel word, ooreenstem met die vak en vraestel op die toelatingsbrief.

9.4 Tydens hierdie 30 minute mag niks neergeskryf en geen aantekeninge gemaak word nie. Enige oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.

9.5 Kandidate moet ophou skryf sodra die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word, verstreke is. Opsieners moet eers die antwoordskrifte by die lessenaars van die 30 kandidate waarvoor hulle verantwoordelik is, insamel en kontroleer, en dan die kandidate toelaat om die kontroleregister vir antwoordskrifte te onderteken. Opsieners moet verifieer dat kandidate die dekblad van hul antwoordboek korrek ingevul het.

10. Verteenwoordigers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, Umalusi en die Departement van Basiese Onderwys sal die eksamenprosesse by die eksamensentrums monitor.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van voorneme is om die NSS- en SS-eksamens in Mei/Junie 2024 te skryf.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-03-26